higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

16 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

070Q1N2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Mikrostelsel	A	afkeer van of vooroordeel jeens buitelanders
1.2	Mesostelsel	B	mense wat hulself onderhou deur plante te versamel en diere te jag, en wat nie vee aanhou of gewasse vir voedsel verbou nie
1.3	Eksostelsel	C	omgewing wat kinders se ervarings van ’n afstand beïnvloed, soos uitgebreide familie en die massamedia.
1.4	Makrostelsel	D	die kind tree van aangesig tot aangesig met ouers, broers en susters en ander mense in interaksie
1.5	Chronostelsel	E	mense wat nie kan leer en onthou soos gemiddelde mense met normale vermoëns nie
1.6	Kolonisering	F	mense in rolstoele of wat met krukke loop
1.7	Jagter-versamelaars	G	Boere wat in die 1700’s noord- of ooswaarts beweeg het
1.8	Artefakte	H	die verbygaan van tyd verander stelsels op verskeie vlakke
1.9	Trekboere	I	interaksie tussen die huis en die skool, soos ouers wat by skoolaktiwiteite betrokke is
1.10	Homofobie	J	mense wat nie behoorlik kan praat nie en dus moeilik hoorbaar en verstaanbaar is
1.11	Xenofobie	K	wapens en gereedskap uit die verlede wat histories belangrik is
1.12	Visuele gebrek	L	vrees vir en haat jeens homoseksuele mense
1.13	Fisieke gestremdheid	M	die breër oortuigings, gebruike en rituele wat samelewings reël en die kind beïnvloed
1.14	Kommunikasieversteuring	N	vestiging van politieke beheer oor ’n land of gebied, waarna burgers hulle daar vestig
1.15	Intellektuele versteuring	O	mense wat bril dra
		P	lang tydperk waartydens daar baie min sakeaktiwiteit is en baie mense nie werk het nie

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Omskrywing van sleutelkonsepte help ons om die vakgebied te (verstaan/misverstaan).

2.2 Onderwys kan slegs plaasvind wanneer daar ’n (blokkasie/vloei) van inligting is.

2.3 Die (verhouding/verwysings) tussen ’n opvoeder en leerder moet eties gesond wees.

2.4 Nuwe opvoeders is (oor die algemeen/nooit) die mees entoesiastiese en hartstogtelike personeellede (nie).

2.5 ’n Doel van (Bloom/Freud) se taksonomie is om opvoeders te motiveer om op al drie domeine te fokus.

2.6 Deur middel van (evoluering/sosialisering) vestig ons ’n verskeidenheid tradisies, rituele, etiek, waardes, sosiale norme en wette.

2.7 ’n Outosoom is ’n chromosoom wat nie (kultuur/geslag) bepaal nie.

2.8 Die brein is verdeel in twee hemisfere, links en regs, wat die (frontale/sentrale) senuweestelsel beheer.

2.9 Die menslike brein bevat meer as 100 miljard (neurone/holtes).

2.10 ’n Persoon is (naïef/paradoksaal) wanneer hy/sy mense te veel vertrou en glo dat goeie dinge altyd sal gebeur.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Aanneming is die handeling om iemand anders se kind in jou huis te neem en wettig sy/haar ouer te word.

3.2 Witskrif 6 gee nie aanwysings oor hoe huidige spesiale skole leerders met gestremdhede sal hanteer nie.

3.3 Almal is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordele van die reg.

3.4 In 1652 is daar aan die eerste nege Europese mans grond gee waarop hulle kon boer.

3.5 Jacob Zuma het die tweede Suid-Afrikaanse president sedert 1994 geword.

Kopiereg voorbehou

3.6 Homo sapiens het uit die voorouerlike mens ontwikkel.

3.7 Volgens biologiese oorsprong begin 'n embrio 6–8 weke ná bevrugting 'n menslike gedaante aanneem.

3.8 Die serebrum beheer willekeurige spiere.

3.9 Die serebellum bestaan uit twee klein hemisfere.

3.10 Jou hipotalamus beheer temperatuur.

3.11 *Kognisie* verwys na die vermoë om inligting te verstaan.

3.12 Nabetragting help 'n opvoeder om as 'n professionele persoon te groei en te ontwikkel.

3.13 Hoofstroom omsluit die meeste lede van die samelewing.

3.14 Alle teoretici stem saam dat tegniese kriteria vir hul nabetragting gebruik behoort te word.

3.15 Hoe meer jy oefen of afgerig word om te sing, hoe beter sal jy sing.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

4.1 Jou brein is in beheer van jou liggaam.

4.1.1 Noem of die bostaande stelling Waar of Onwaar is. (1)

4.1.2 Staaf jou antwoord in 4.1.1. (2)

4.2 Definieer elk van die volgende woorde:

4.2.1 Sinaps

4.2.2 Interpersoonlike intelligensie

4.2.3 Linguistiese intelligensie

4.2.4 Logies-wiskundige intelligensie

4.2.5 Musikale intelligensie

(5 × 2) (10)

4.3 Uit die onderstaande lys, kies die SES nutriënte wat goed is vir die brein en skryf dit in die ANTWOORDBOEK neer.

ALA; Vit B6; Vit C; Vit B12; suiker; DHA; Vit K; foliensuur; omega-3

(6)

4.4 Watter Suid-Afrikaanse eerste minister het by John Vorster oorgeneem toe hy in 1978 afgetree het? (1)


[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae.



Kopieer die gegewe diagram in jou ANTWOORDBOEK. Herrangskik die SES vlakke in die kognitiewe domein van Bloom se taksonomie in die korrekte volgorde, van die laagste na die hoogste vlak. (6 × 1) (6)

5.2 Bespreek VYF etiese verantwoordelikhede van die reflektiewe praktisyn en dui aan hoe elkeen 'n positiewe uitwerking op die leerder kan hê. (5 × 2) (10)

5.3 Gee en verduidelik VIER vereistes wanneer jy na iemand anders se werk verwys. (4 × 2) (8)

5.4 Sommige opvoeders is ten gunste van besinning oor die tegniese aspekte van onderrig, terwyl andere ten gunste is van besinning oor die morele, etiese, politieke en sosiale faktore wat onderrig beïnvloed.

Noem die DRIE vlakke van besinning en verduidelik elkeen. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 6

6.1 Lees elke stelling hier onder wat verband hou met ’n leerder genaamd Thabo. Identifiseer die stelsel wat geraak word volgens Bronfenbrenner se ekologiese stelsels-model.

6.1.1 Thabo het ’n leerprobleem omdat sy aandag baie maklik afgelei kan word. Hy voel ongelukkig daaroor. Hy het nie sy ouers oor sy probleem ingelig nie.

6.1.2 Hy gedra hom swak in die klas omdat die skool nie sy probleem verstaan nie.

6.1.3 Hy versoek sy pa om die skool te skakel.

6.1.4 Sy pa se werknemer is ontsteld omdat sy pa ’n dag van die werk af gaan wees.

6.1.5 Die samelewing maak nie altyd genoegsaam voorsiening vir mense met leerprobleme nie.

6.1.6 Namate tyd verloop en Thabo volwasse word, is hy in staat om beter te konsentreer en sy leerprobleem is nie meer so ernstig nie.

(6 × 1) (6)

6.2 Sosiale ontwikkeling fokus veral op die plig van die staat om meer verantwoordelikheid vir sosiale vraagstukke te aanvaar. Noem VIER van hierdie vraagstukke en verduidelik watter bystand die staat gee om elke vraagstuk te hanteer. (4 × 2) (8)

6.3 Ná geboorte is daar snelle groei en ontwikkeling op alle gebiede.




Bespreek die kognitiewe domein van die vroeë kinderjare, van geboorte tot ses jaar.

(5 × 2) (10)

6.4 As jy die brein van die buitekant beskou, lyk dit asof dit drie onderskeie maar aaneengeskakelde gedeeltes bevat. Noem en beskryf die drie gedeeltes.

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 7

7.1 Bespreek die funksie en inwerkingstelling van Witskrif 6. (5 × 2) (10)

7.2 Ons vier jaarliks Jeugdag. Op daardie dag word die geskiedkundige gebeurtenis by Sharpeville herdenk.

7.2.1 In watter jaar het die geskiedkundige gebeurtenis by Sharpeville plaasgevind? (1)

7.2.2 Bespreek kortliks wat op daardie dag in Sharpeville gebeur het en wat die gevolge was. (6)

7.3 Ontwikkelingsuitkomste is breë uitkomste wat op alle onderrig en leer betrekking het.

Bespreek die VYF ontwikkelingsuitkomste. (5 × 2) (10)

7.4 Bloom het VYF basiese doelwitte in die sosio-affektiewe domein gelys.

Noem DRIE. (3)

[30]

VRAAG 8

8.1 Beskryf die belangrikste fisieke verandering wat in elk van die volgende ontwikkelingstadiums plaasvind:

8.1.1 Vroeë kinderjare

8.1.2 Middelkinderjare

8.1.3 Adolessensie

8.1.4 Vroeë volwassenheid

8.1.5 Laat volwassenheid

(5 × 2) (10)

8.2 Gebruik jou eie woorde om die verskil tussen *besinning-oor-aksie* en *besinning-in-aksie* te beskryf. (2 × 2) (4)

8.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

Rose is ’n 12-jarige Zulusprekende meisie. Haar ma woon in ’n groot stad en het baie min kontak met haar en haar jonger broer. Hulle ken glad nie hul pa nie. Rose het niemand met wie sy kan praat nie. Sy en haar jonger broer woon in ’n klein Wendy-huis saam met haar tante wat baie oud en siek is. Omstandighede is nie bevredigend nie en hulle het dikwels nie genoeg kos nie. Daar is baie bendelede en geweld in die gebied en hulle voel nie veilig nie, aangesien hulle daagliks ver skool toe moet stap. Op skool sukkel sy om te lees, te skryf en te kommunikeer, aangesien die taal van onderrig en leer Engels is.

Verwys na Maslow se behoeftehiërargie. Identifiseer DRIE van hierdie behoeftes in Rose se lewe waarin nie voorsien word nie, en gee EEN voorbeeld van elk uit die scenario. (3 × 2) (6)

8.4 Opleiding, soos onderwys, hou baie voordele vir die individu in.

Noem enige VIER voordele van die opleiding van werknemers. (4 × 1) (4)

8.5 Soms is dit waardevol om meer spesifieke vrae te identifiseer wanneer ’n onderwyser selfbesinning doen.

Skryf enige TWEE vrae neer wat ’n opvoeder hom-/haarself by selfbesinning kan afvra. (2 × 2) (4)

8.6 Vul die ontbrekende woorde in:

Die korteks bevat die ... en ... wat boodskappe van een plek na ’n ander oordra. (2 × 1) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou